Uitgawe 21 Januarie 2013

Lekkerbekkie.TV

se gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Inhoud

Januarie TV-gids 1

Artikels

Ontmoet sakevrou, Ilsje de Beer, en haar Bella..... 4
"Ek het my lewe verander deur 50kg te verloor" 6
Om terug te kom in julle roetine na die vakansie 10

Vir die kleingoed

Storietyd: Prins Dirkie kry verkoue 2
Kleur in 3
Maak dit self: papier-boekrak 5
Ons kykers: Lekkerbekkie van die maand 7
Ons kykers: Oulike sêgoed 7
Ons kykers: Oulike foto's 8

Ekstra

Nuut op Lekkerbekkie.TV: Die Land van Tak 9
Oulike webwerwe..... 10
Storieklub-vorm 11

Model: Ella Rossouw Foto: Heléne-Mari Rossouw

'n Geseënde 2013 vir ons Lekkerbekkies!

Die vakansie het vinnig verbygeflits, maar dit lyk darem op Facebook of ons Lekkerbekkies hope sonskyn, sand en seelug ingekry het! Ek hoop almal is uitgerus en weer veilig by die huis, en dat die gelukkiges wat nog met vakansie kan wees, die laaste paar dae sal geniet.

Dit is nou presies 'n maand gelede dat ons ons nuwe TV-kanaal, Lekkerbekkie.TV, vrygestel het, en ons het reeds meer as 3 500 kykers gehad! Daar was geen groot "hickups" nie, en soveel wonder-like eposse en boodskappe van mammas en pappas regoor die wêreld wat sê dat hulle kinders die stories SO geniet! Dis met 'n baie lekker hart wat ons dan die nuwe jaar afskop. Ons sien uit daarna om hierdie jaar vir julle BAIE nuwe stories te bring. Maak seker dat jy ons Lekkerbekkie.TV Facebook blad dophou vir al die nuutste nuus! En gaan kyk Lekkerbekkie.TV gratis by www.lekkerbekkie.tv

Hierdie uitgawe van ons tydskriffie is weer propvol leesgoed. Ons gesels met twee inspirerende mammas – besige mamma, Ilsje de Beer, bestuur die Träumerei koffiewinkel in Franschhoek, asook 'n hele paar ander besighede, en Yolande Haasbroek vertel hoe sy dit reggekry het om 50kg te verloor en haar lewe te verander. Ons deel 'n "craft" idee vir jou kind se kamer, kyk na ons lesers se oulike vakansie-foto's, en in ons storie kry Prins Dirkie verkoue…

"Be KIND to yourself this year. Eat healthy, drink lots of water, walk on the beach, read books that inspire, see movies that make you laugh, hug a lot, get enough sleep, and pay attention to the dreams in your heart. Time is valuable. You only have one body. You only get one chance to live the life you always dreamed of."

Groete uit die kantoor
Anna Emm

Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

© Anna Emm Productions 2013

TV-gids

Januarie

Nuut!
Kyk Die Land van Tak op Lekkerbekkie.TV!

Vanaf 7 Januarie 2013 sal daar 7 verskillende strome op Lekkerbekkie.TV speel - een vir elke dag van die week.

Elke dag se episodes word herhaal vir 24 uur lank. Ons beplan om maandeliks 'n nuwe reeks by te voeg om die strome uit te brei. Al hierdie stories is gratis te sien by www.lekkerbekkie.tv

* "Die Land van Tak" sal vanaf 14 Januarie te sien wees.

Maandag	Dinsdag	Woensdag
Lekkerbekkie Muis Lekkerbekkie se nuwe huis	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie en die diere	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie verjaar
Professor Pom Bek die grootprater	**Professor Pom** Kleinjan maak 'n plan	**Professor Pom** Links en Regs verdwaal
Storietyd Jakkals en die kraai	**Storietyd** Salome Spinnekop	**Storietyd** Die koning se nuwe klere
Sussie en Jakob Baie en min	**Sussie en Jakob** Oud en jonk	**Sussie en Jakob** Groot en klein
***Die Land van Tak** Twee sussies	***Die Land van Tak** 'n Lugballon	***Die Land van Tak** Daar's 'n boelie
Oeps-e-Daisies Episode 5	**Oeps-e-Daisies** Episode 6	**Oeps-e-Daisies** Episode 7

Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
Lekkerbekkie Muis Lekkerbekkie se skoene	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie en die wind	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie gaan kuier	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie se maatjies
Professor Pom Petunia kry verkoue	**Professor Pom** Bek en die kompetisie	**Professor Pom** Dingetjie raak weg	**Professor Pom** Wat is fout met Prof Pom?
Storietyd Stadsmuis en veldmuis	**Storietyd** Trompie die olifantjie	**Storietyd** Die leeu en die muis	**Storietyd** Zander se boomhuis
Sussie en Jakob Ver en naby	**Sussie en Jakob** Leeg en vol	**Sussie en Jakob** Lank en kort	**Sussie en Jakob** Hard en sag
***Die Land van Tak** Die varkie	***Die Land van Tak** Snaakse geluide	***Die Land van Tak** Vyftien ballonne	***Die Land van Tak** Die burgemeester
Oeps-e-Daisies Episode 1	**Oeps-e-Daisies** Episode 2	**Oeps-e-Daisies** Episode 3	**Oeps-e-Daisies** Episode 4

Wat is Lekkerbekkie.TV?

Lekkerbekkie.TV is 'n gratis internet tv-kanaal vir Afrikaanse kinders. Ons probeer om 'n groot verskeidenheid kinderstories daagliks uit te saai na kinders regoor die wêreld. Op die oomblik is daar 42 episodes te sien op Lekkerbekkie.TV. Die episodes is in 7 strome verdeel wat roteer sodat daar elke dag nuwe episodes van jou kind se gunsteling program te sien is.

Ons wil graag maandeliks nuwe episodes en reekse byvoeg, en beoog om teen middel 2013 sewe verskillende strome uit te saai sodat daar elke dag van die week 'n ander stroom te sien is.
Kyk Lekkerbekkie.TV by www.lekkerbekkie.tv

Waar kom die stories vandaan?

Lekkerbekkie.TV is 'n produk van Anna Emm Productions (sien www.AnnaEmm.co.za), 'n produksiemaatskappy wat deur skrywer Anna Emm gestig is in 2004 met die doel om goeie kwaliteit kinderstories te vervaardig. Die afgelope 8 jaar het Anna Emm Productions meer as 800 nuwe stories op CD en DVD vervaardig en versprei.

Wat maak die stories so uniek?

Al die stories op Lekkerbekkie.TV is spesiaal geskryf en vervaardig vir kinders wat in die hedendaagse wêreld grootword tussen selfone, rekenaars, werkende mammas en pappas, en al die wrede realiteite wat ons elke dag in die media sien. Die taal is kindervriendelik en modern, die temas vol verbeelding en humor, en daar is geen plek vir towenaars en drake en hekse in ons stories nie!

Anna Emm het 'n unieke slag met kinders, en haar stories is werklik "verslawend". Sy het die vermoë om hulle aandag tot by die laaste woord vas te vang, en deur haar karakters en gebeure vir kinders hulle onskuld terug te gee. Dis "skoon" stories wat die verbeelding aanwakker, woordeskat uitbrei, inspireer, en kindermagies vol skoenlappers maak!

Hoe kyk ek Lekkerbekkie.TV?

Lekkerbekkie.TV is 'n internetstroom, wat beteken jy kan dit op enigiets kyk wat 'n internet-konneksie het. Alhoewel die kwaliteit goed is, probeer ons om die "grootte" van die episodes so laag moontlik te hou dat dit vinnig en maklik laai op rekenaars, selfone, en "tablets". Lekkerbekkie.TV gratis en beskikbaar 24 uur per dag.

© Anna Emm Productions 2013

Storietyd

Prins Dirkie kry verkoue

deur Anna Emm

Een aand laat speel Prins Dirkie en sy maatjie, Anabel, nog in die kasteel se tuin. Hulle speel so lekker dat hulle nie eens agterkom dat dit al baie donker geword het nie. Die wind is al koud en die son is weg. Hulle het nie warm baadjies aan nie.

“Julle moet nou inkom!” roep die koningin. “Dis te koud om nog buite te speel. Julle gaan siek word!” Maar die kinders speel te lekker. Hulle luister nie dadelik nie. Dit was eers toe die koning uitgaan om hulle te gaan haal, dat hulle ophou speel het.

Die volgende oggend is Prins Dirkie se neus toe. Hy snuif en snuif, maar dit wil nie oopgaan nie. Die koningin gee vir hom medisyne voor hy skool toe gaan. By die skool soek Prins Dirkie vir Anabel, maar sy is nie daar nie. Sy is siek by die huis.

Pouse het die juffrou vir al die kinders ‘n verrassing. Elkeen kry ‘n bekertjie warm sjokolade. Dit ruik tog te lekker, maar Prins Dirkie kan dit nie ruik nie. Hy kan niks ruik nie. Sy neus is toe.

Later in die dag leer die juffrou vir die kinders van vrugte. Sy sny ‘n lemoen oop. “Ruik net hoe lekker ruik hierdie lemoen!” sê sy vir die kinders. Almal ruik, maar Prins Dirkie snuif net. Hy kan nie die lemoen ruik nie. Hy kan niks ruik nie. Sy neus is toe.

Toe Prins Dirkie by die huis kom, staan daar ‘n groot bos blomme in die kombuis. “Die koning het dit vir my van die dorp af gebring,” sê die koningin met ‘n glimlag. “Ruik net hoe lekker ruik dit!” Maar Prins Dirkie se neus is toe. Hy kan nie die blomme ruik nie.

“Jy het verkoue,” sê die koningin vies. “Dis omdat julle so laat nog in die tuin gespeel het.”

Sy trek vir Prins Dirkie warm aan en sit hom in die bed. Sy gee weer vir hom medisyne.

“Is dit omdat ek verkoue het dat my neus nou toe is?” vra Prins Dirkie.

“Dis omdat jou ore toe was dat jou neus nou toe is!” sê die koningin en soen hom op sy kop.

Kyk *Storietyd* elke dag op www.lekkerbekkie.tv

Vragies oor die storie:

1. Hoekom wou Prins Dirkie en Anabel nie na die koningin luister nie?
2. Wat was fout met Prins Dirkie se neus?
3. Wie was nie by die skool nie?
4. Watter verrassing het die juffrou vir die kinders gehad?
5. Waarvan het die kinders geleer in die klas?

© Anna Emm Productions 2012

Kleur In



© Anna Emm Productions 2012

Ontmoet sakevrou, Ilsje de Beer, en haar Bella

Ilsje de Beer (35) se ma het destyds die bekende Café Träumerei koffiewinkelgroep in Bloemfontein begin, en vandag is sy self 'n baie belangrike deel van die besigheid. Hierdie bedrywige sakevrou het ook verlede jaar vir die eerste keer mamma geword, en ons het gewonder hoe sy dit alles regkry!

Na skool het ek my BCom LLB graad aan Kovsies verwerf en daarna het ek Kaapstad toe verhuis om by die besigheid aan te sluit – wat toe reeds baie suksesvol was. Ek en my man, Leo, bestuur tans die Café Träumerei in Franschhoek. 'n Paar jaar terug het ons ook saam met my ouers 'n maatskappy gestig wat die Italiaanse koffie, Marcafé, invoer. Ons gebruik die bone in ons Träumerei-takke en versprei dit ook aan hotelle, restaurante en gastehuise landwyd.

Ons moes gereeld vir die koffiebesigheid na Italië reis, en daar het ek en my ma Luisa Spagnoli se klere ontdek en mal verlief geraak op die styl van hierdie Italiaanse modehuis!

Ons het die alleenregte vir SA bekom en in Maart hierdie jaar het ons 'n boetiek in Franschhoek geopen waar ons eksklusief Luisa Spagnoli verkoop.

Die boetiek is vernoem na my dogtertjie - Isabella Charlotte Boutique. Bella reis saam na Italië wanneer ek en my ma ons bestellings vir die nuwe reekse gaan doen. Sy was die eerste keer saam op twee maande!

Wat het ma-wees jou geleer?
Dat dit 'n luukse is om jou hare ongestoord te borsel! Dat mens niks 'gou-gou' kan doen met 'n baba by jou nie. Dat jou eie behoeftes nie meer so belangrik is nie. En dat Bella die stuk van die legkaart is wat my lewe voltooi.

En hoe het dit jou loopbaan beïnvloed?
Ek was gewoond om lang ure te werk. Die restaurant open 07h00 en in hoog-seisoen kom mens dikwels eers middernag daar weg. Maar met Bella moes ek leer om baie van die dinge wat ek gedink het net ék kan doen, in ander se hande te laat, sodat ek saans by die huis kon wees. Ek moes ook leer om vir hulp te vra. Maar ma-wees het nie die sukses van die besighede beïnvloed nie.

Wat is die grootste "challenges" vir jou?
Om nie skuldig te voel oor die tyd wat ek by die werk spandeer en wat Bella nie by my kan wees nie. Haar behoeftes kom nou eerste, en dis 'n aanpassing gewees.

Hoe lyk julle daaglikse roetine?
Ek en Bella staan soggens op, trek aan en stap dan na Café Träumerei waar ons my man en ouers ontmoet vir ontbyt. 09h00 gaan Bella saam met haar oupa huis toe. Hulle twee het vet pret saam! Ek werk dan of by die boetiek, of die restaurant. Middae kom Oupa en Bella weer vir middagete Träumerei toe, en dan probeer ek, my ma of Leo om saam met hulle twee te eet.

Na ete gaan Bella weer saam met een van ons vier huis toe. (Ons werk 7 dae 'n week!) Bella is baie bedrywig en slaap nie baie gedurende die dag nie, so teen 18h00 is sy gereed vir bad en teen 19h00 slaap sy vas.

Dink jy jy is 'n beter ma omdat jy 'n loopbaan ook het?
Omdat ek vir myself werk, is dit makliker. Ek kan tyd maak om Bella weekliks na haar swemles te vat. En soms besluit om nie werk toe te gaan nie en iets lekkers saam met haar te doen. Ek dink my loopbaan stimuleer my en daarom kan ek weer vir Bella stimuleer.

Ek sou nie sê dat my loopbaan my 'n beter mamma maak nie - ek het baie hulp van my familie - maar dit maak my beslis 'n gelukkige mamma.

Baie vroue het groot drome, en dan word hulle mammas en die droom raak so bietjie verlore tussen die doeke en min slaap. Dink jy dis moontlik om altwee te doen?
Baie beslis! Soms moet mens net jou droom so effe aanpas, of 'n nuwe hoofstuk 'bydroom'. My drome het net meer vindingryk geword met Bella se koms. En groter.

My Luisa Spagnoli-droom het net na Bella se koms waar geword, en met aanpassings hier en daar kon my droom om mamma te wees deel wees hiervan. Ek dink ek is dalk die enigste mamma met 'n modereeks wat my baba saamgevat het na die Milan-modeskou én haar nog eksklusief gebors-voed het! As jou droom vir jou belangrik genoeg is, sal jy maniere vind om dit saam met die ma-wees te doen. Al doen jy dit anders as die res.

© Anna Emm Productions 2013

Sussie en Jakob

Papier-boekrak

Maak hierdie oulike versiering vir jou kamer, en jy kan al die klein goedjies wat so rondlê in jou kamer en wegraak, in die rakkies bêre.

Wat jy nodig het:

1. Verskillende velle gekleurde karton
2. 'n Skertjie
3. Sterk "craft" gom
4. Toutjie
5. Cellotape
6. Skuifspelde

Baie belangrik:

Wees versigtig wanneer jy met die skertjie knip. Vra vir mamma of pappa of 'n ouer boetie of sussie om jou te help!

Wat jy moet doen:

1. Knip 'n vorm uit waarop jy jou rakkies gaan vasplak. Ons het 'n wolkie uitgeknip.

2. Knip nou repe van die karton uit wat ewe lank en ewe breed is. Ons repe was 6cm breed en 19cm lank. Maak seker dat al die repe dieselfde grootte is.

3. Rol nou elke repie sodat dit 'n silinder vorm. Plak die rand van die repie vas met cellotape sodat dit nie los kom nie.

4. Pak nou eers al die silinders op jou groot vorm uit om seker te maak waar elkeen moet kom.

5. Nou kan jy een vir een aan die vorm vasplak. Tel een silinder op en smeer "craft" gom versigtig al om die onderste randjie van die silinder. Plaas dit dan weer terug op die vorm, op sy plek. Dit is makliker om van die middel af buitentoe te werk.

6. Sodra al jou silinders klaar geplak is, kan jy die skuifspelde gebruik om die silinders bymekaar te hou. Dit is belangrik dat jy nog nie jou boekrakkie optel nie. Laat dit oornag op 'n veilige plek lê sodat dit behoorlik kan droog word.

7. Die volgende dag, wanneer al die gom droog is, kan jy vir mamma of pappa vra om jou te help om 'n toutjie aan die agterkant van die vorm vas te plak met die cellotape. Gebruik dan die toutjie om jou boekrakkie aan 'n spyker teen die muur op te hang.

Goedjies wat jy in jou boekrak kan bêre:

1. **Klein ornamente**
2. **Potlode en uitveërs**
3. **Haarknippies en rekkies**
4. **Klein speelgoed**
5. **Lekkergoed … hou net vir kleinsus of kleinboet weg…**

Kyk *Sussie en Jakob* elke dag op www.lekkerbekkie.tv

© Anna Emm Productions 2013

"Ek het my lewe verander deur 50kg te verloor"

Yolandi (Landi) Haasbroek het tussen Julie 2011 en Julie 2012 50kg verloor, en baie dinge oor haarself geleer wat sy nie geweet het nie. Hier is haar wonderwerk-storie:

Ek was nog altyd erg oorgewig. Teen die tyd dat ek skool toe is, was ek reeds groot. Ek was my lewe lank "obese". Niemand het geweet wat om te doen nie. Dokters het toetse gedoen, maar kon niks verkeerd kry nie. Ek was op elke dieet moontlik, maar niks het gewerk nie.

In Julie 2011 het ek saam 'n vriendin 'n *detox*-dieet gedoen om haar te ondersteun. Ons moes die eerste drie dae alle stysel uitsny en baie proteiene eet. My konstante hoofpyne en diarree het verdwyn, maar was terug die oomblik toe ek weer begin stysel eet. Ek onthou dat ek Sondagoggend 23 Julie 2011 opgestaan het en vir my man gesê het dat ek genoeg gehad het. Ek wou vir eens en altyd wéét wat my liggaam wil hê, en as dit beteken ek mag nie meer brood eet nie, dan is dit ook reg.

Ek het begin oplees oor eetplanne en op die ou end op twee besluit: SureSlim en die Dr Cohen-dieet. Ek het gaan bid daaroor en die Dr Cohen-dieet gekies. Ek het die wonderlike mense in die Colbyn/Hatfield kantoor geskakel en 1 Augustus 2011 het ek met die dieet begin. Twee weke in die dieet in het ek 'n besluit geneem dat ek vir myself (nie vir ander nie) wou bewys dat ek is nie 'n "failure" is nie. Ek wou nie meer die "victim" wees nie. 'n Keerpunt was toe ek my kind moes leer huppel, en ek kon dit nie doen nie omdat ek te groot was. Ek het eenvoudig genoeg gehad.

Ek gaan nie jok nie - dit was baie, baie moeilik. Maar ek ken myself en het geweet as ek net een keer gaan kroek, is dit verby. En ek het geweet dit moet 'n permanente verandering wees. Ek wou nooit weer so groot wees nie.

Die eerste vier maande was dit net ek, God se bonatuurlike krag, my man se ondersteuning en 'n handjievol vriende wat geweet het. Ek het dit met niemand anders gedeel nie. Na vier maande moes ek my kinders op 'n dag dokter toe neem, en toe die dokter my sien, het sy na haar asem gesnak. Sy het my aangemoedig om my vordering op Facebook te sit om ander te inspireer.

Dit het soos 'n ewigheid gevoel. Ek was selfs op die dieet getel as 'n "slow loser", maar ten minste het ek aanhou verloor. Dit het elf maande gevat om 50kg te verloor. Die eerste nege en 'n half maande was "cheat free". Ek het die aand vir die eerste keer ge"cheat" toe my 2-jarige haar been gebreek het. Ek het in Mei 2012 die dieet voltooi.

Hoe het hierdie pad my lewe verander? Ek het geleer dat ek sterker is as wat ek besef, dat enigiets moontlik is met die krag wat God vir ons gee – selfs die goed wat jy jou lewe lank nie kon regkry nie. Ek kyk na wat ek eet. Ek sal vir altyd. Dis deel van my lewe nou. Ek is verlief op die "Cohen-kossies", soos ons dit noem. Dis genoeg vir my en dit maak my vol. Die ander kos maak my siek. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat ek en stysel nie maatjies is nie.

Ek het net nadat ek met die dieet begin het destyds vir terapie gegaan (my oudste dogtertjie het op 11 maande twee skedel-/breinoperasies gehad en die trauma hiervan het merke op my gelaat). Die sielkundige het aanbeveel dat ek iets doen waarvan ek hou. Ek het besef dat ek geen idee gehad het wie ek is nie. Ek het besluit om 'n koekversierkursus te doen sodat ek vir my kinders spesiale verjaarsdagkoeke kan maak. En daar kom ek toe agter dat ek 'n talent en passie hiervoor het! Dis maar nog jonk en nuut vir my, en ek moet nog baie oefen. Maar dis my spesiale tyd saam met die Vader. Dis asof ek klei speel saam Hom!

My persoonlikheid het ook verander. Eers was ek die stil vrou wat niks wou doen nie, en nou is ek die aandag-trekker, die een wat nie ophou praat nie. Ek is nou die een wat lag en op springkastele saam met haar kinders speel. Ek is die een wat in die parkie op die swaaie swaai. Die een wat nou haar kinders leer huppel!

Yolandi se Facebook-blad: Bits of Love

Vir meer inligting vir die Dr Cohen eetplan besoek: www.1stpersonaldiet.com

© Anna Emm Productions 2013

Lekkerbekkies

Lekkerbekkie van die Maand

Hallo daar, Lekkerbekkies!

My naam is Kara, en op hierdie bladsy gesels ek graag met julle almal. Vra vir jou mamma om al jou oulike sêgoed en foto's vir my te stuur na lekkerbekkie@annaemm.co.za – en dalk kan jy 'n lekker geskenkbewys wen! Onthou om jouself mooi op te pas, jou tandjies te borsel en genoeg water te drink die vakansie. En vra vir jou mamma en pappa om vir jou baie stories te lees. Stories maak mens slim! Tata!

Ella Rossouw
(ons voorbladgesiggie)

Ella is 6 jaar oud, en baie talentvol!
Ons het haar stemmetjie gebruik vir die hoofkarakter, Kiekie, in ons nuwe DVD "Die Land van Tak" en sy was 'n ster tydens die opnames!

Haar gunsteling TV-program is "Doc McStuffins" op Disney Junior, sy is mal oor macaroni en kaas, en sien vreeslik uit daarna om hierdie jaar Graad 1 toe te gaan.

Ella het 'n jonger sussie, Lara, en hulle verwag 'n nuwe baba-boetie in Junie.

Oulike sêgoed

Helena van der Berg: Bea sê gister: "Mamma, die kinders lag vir my. Ek verjaar mos in jou?" (Mei).

Chantell Raubenheimer: My seuntjie Dylan (2) praat my ore van my kop af. Hy is gek oor enigiets wat raas; van 'n haardroër tot 'n boor! Een aand ry ons in die motor en ek sê vir hom: "Kyk die sterretjies! Wie het die sterretjies gemaak?" "Jesus," antwoord hy. Ek vra hom wie het die maan gemaak. "Jesus," antwoord hy weer. Ek vra hom toe waar bly Jesus (want ek probeer hom nou leer dat Jesus in sy hartjie bly. So antwoord hy, "In my maag," en hy wys na sy magie toe. Ek glimlag toe vir hom en help hom reg. Hy kyk my so stip aan en vra: "Waar is Jesus se haardroër?"

Judy Weiss: My kindertjies kuier by hulle gunsteling tannie, en sy vat hulle om te swem. Kayleigh (3 jaar) vertel my die middag toe ek haar gaan haal, "Mamma, ons het geswem, ek het gesplash en my arms geswaai, en toe verdrink ek!" Shame, sy het net water gesluk. Gister hardloop sy na my toe en sê vir my, "Mamma, ek het weer geswem en alweer verdrink!"

Charmaine Baker-Smith: Ek het met my twee kinders (4 en 2 jaar) verby Crazy Store gestap toe my 4-jarige seuntjie in Crazy Store se deur gaan staan en sê: "Mamma, kan ons asseblief hier ingaan?!" Ek antwoord met 'n baie ferm, "Seun, ons kan ingaan, maar ons gaan NIKS koop nie." Dis toe dat hy my antwoord en sê: "Mammaaaa, ek wil net gou vir Liewe Jesus iets gaan wys!"

Gerna Kleyn:
Ek het twee seuntjies. Die een is 5 jaar en die ander een is 2 jaar. Die van 2 het, toe ons Kersvader se briefies gaan pos het (by die poskantoor), ingeloer by die posbus se gleuf en vir sy boetie gevra of Kersvader daar binne in die posbus sit. Dit was so dierbaar, Ouboet het maar net gesmile en gesê: "Nee, seun."

Michèle Nieuwoudt: My seun, 7 jaar, het vir sy oupa gesê hy is darem 'n dom expert, toe hy sukkel om die fan opgeslaan te kry.

Marti-Mari Smit: My seuntjie (3 jaar) het 'n paar dae terug infeksie in sy ogies gehad. Toe sy ogies een aand vreeslik pla, sê ek vir hom ons moet vir Liewe Jesus vra om sy ogies gesond te maak. Toe ons klaar gebid het, sê hy in 'n huilstemmetjie terwyl hy sy ogies vreeslik vryf: "Liewe Jesus moet nou afklim." Toe ek vra waar Hy moet afklim, sê hy: "Van die wolke af."

Stuur oulike sêgoed aan lekkerbekkie @annaemm.co.za

© Anna Emm Productions 2013

Lekkerbekkies

Oulike Foto's!

Carli, Inge & Lieze

Donelle Theunissen

Ellard & Salomie Rademeyer

Inge Barnard

Joshua de Villiers

Mia & Henre

Stiaan du Plessis

Terblanche & Wikus Storm saam met Oupa

Kyk net hierdie oulike foto's van Lekkerbekkies wat televisie kyk!

Elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

BC Basson

Daantjie Smit

Sebastian & Franco Rossouw

Hou ons Facebook-blad dop vir die tema van Februarie se foto-kompetisie!

© Anna Emm Productions 2013

Wat's nuut?

Nuut op Lekkerbekkie.TV: *Die Land van Tak*

Kiekie is 6 jaar oud. Wanneer haar mamma moet winkel toe gaan, moet haar ouers sussie, Kay, haar oppas. Kay is 'n kunstenaar en sy kan baie mooi teken. Sy vertel ook die mooiste stories! Wanneer Kiekie se mamma winkel toe gaan, vertel Kay vir haar stories oor die Land van Tak. 'n Land waar almal en alles uit Kay se mooi tekeninge bestaan… Kyk "Die Land van Tak" elke dag vanaf 14 Januarie op Lekkerbekkie.TV, of bestel jou DVD met 7 episodes vóór 15 Januarie vir slegs R100 – spaar R20!

Ons voorbladgesiggie, Ella Rossouw, is die oulike stemmetjie op die DVD, en saam met Cara du Toit (12) vertel hulle die stories. Klara Brand (6) en Elanie Bieldt (12) speel die rolle van Kiekie en Kay. Die stories is deur Anna Emm geskryf.

Bestel by
www.AnnaEmm.co.za
021 911 5618
lekkerbekkie@annaemm.co.za, of maak 'n draai by ons winkel in Panorama, Kaapstad.

Stories op die DVD:

1. Twee sussies beland in die Land van Tak
2. 'n Lugballon in die Land van Tak
3. Daar's 'n boelie in die Land van Tak
4. Wat van die varkie geword het
5. Vreemde geluide in die Land van Tak
6. Vyftien ballonne
7. Die burgemeester se probleem

© Anna Emm Productions 2013

www ...

Gaan soek gerus hierdie oulike webwerwe op!

Oulike webwerwe:

Juffer Juffrou
'n Werwerf vir ouers, onderwysers en terapeute. Inligting oor opvoedkunde kwessies.
remediering@hotmail.com
www.juffer.wordpress.com

My Favourite Things
'n Website waar jy jou gunsteling in moederskap kan ontdek en deel, asook die organiseerder van gereelde baba- en kindermarkies in die Wes-Kaap.
Kontak: Helena 0833249053
helena@myfavouritethings.co.za
www.myfavouritethings.co.za

Minky
Kontak: Alex
082 504 4082
alex@minky.co.za
www.minky.co.za

Kinderstories:

Anna Emm Productions
Meer as 800 Afrikaanse kinderstories op CD, DVD en in boekvorm!
Besoek ons gerieflike aanlyn-winkel vir jou Kersgeskenke.
Kontak: Lorraine
021 911 5618
lorraine@annaemm.co.za
www.annaemm.co.za

Red Hatter Store
Groot verskeidenheid Afrikaanse kinderstories in mp3 formaat om af te laai vanaf enige plek in die wêreld!
Kontak: Anna Emm Productions
021 9115618
mail@annaemm.co.za
www.redhatter.co.za

Vermaak:

Spektrum Kinderteater
Die produksiemaatskappy is bekend vir sy hernuwing van sprokies soos Rooikappie en die Wolf, met optredes regoor die Wes-Kaap.
spektrumkinderteater@gmail.com

www.kinderteater.co.za
Esther: 0761683451

Opvoedkundig:

Bazoo Kleutertydskrif
'n Twee-maandelikse kleutertydskrif propvol stories en aktiwiteite vir 4 tot 7 jariges.
Kontak: Renie Nel
074 193 0979
admin@bazoo.co.za
www.bazoo.co.za

Kontak lekkerbekkie @annaemm.co.za om hier te adverteer.

Om terug te kom in julle roetine na die vakansie...

Dit is vakansietyd, en niemand wil meer aandag gee aan roetine nie! Slapenstyd word ook oorgesien, veral in die lekker Desembervakansie vol blinkers, son, see en sand! Maar dit is een van die dae tyd vir terug-skool-toe, en of jou kleuter nou vir die eerste keer skool toe gaan, of jou spruit wat 'n nuwe graad aandurf, almal kan baat by 'n roetine. Dit gaan dikwels dol soggens voor werk en skool, en ons glo die hele gesin kan voordeel trek uit hierdie paar wenke om 'n vaste roetine te implementeer by die huis.

1. Begin nou al, terwyl dit nog vakansie is, om stadigaan die roetine terug te werk in julle huis. Laat die kinders stelselmatig vroeër gaan slaap, en maak hulle weer vroeër in die oggende wakker.

2. 'n Wenner-wenk is om alles wat nie noodwendig in die oggend gedoen hoef te word, alreeds die vorige aand te doen.

Maak 'n vaste tyd elke aand, net voor bedtyd, wat elkeen sy skooltas moet pak en die wekker moet stel. Mamma of Pappa kan selfs al die toebroodjies pak!

3. Sit 'n plekkie opsy in jou kombuis/leefvertrek, waar julle al die benodigdhede vir skool (briefies, snoepie-geld ens.) kan bêre. Maak seker dit is in 'n vertrek waar almal baie deurbeweeg. So bly niks vergete nie!

4. Maak 'n kaart met 'n lysie van alles wat elke kind in die oggend moet doen. Vir kleuters wat nog nie kan lees nie, kan jy prente opplak. Aantrek, kam jou hare, maak jou bed op, eet ontbyt, borsel jou tande, onthou jou skooltas.

Hierdie is 'n lekker aktiwiteit om so 'n week voor die skool begin met jou kind aan te pak!

5. En mamma en pappa: Bly kalm! Is dit nie waar dat hoe haastiger jy is, hoe stadiger sal die kinders hulle takies doen nie? En onthou om aandag te gee aan jou kind... dit het 'n direkte invloed op jou kind se belewenis van sy skooldag.

En bo en behalwe als...wees 'n voorbeeld. Kry maar al jou goedjies vir die volgende dag ook reg!

6. Goed, julle is in die motor, op pad skool toe en werk toe! Hoekom nie sommer die kinders besig hou met 'n kort episode op Lekkerbekkie.TV nie? Gebruik jou tablet of jou foon, en jou dag begin rustiger en vroliker!

© Anna Emm Productions 2013

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Kliek op die "fields" om jou inligting in te vul. Kliek dan "stuur" om die vorm aan ons te stuur.

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir 'n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
□ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES** *met "tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES -100**	**R119 per maand** Namibië = R125	**1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R100
□ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) - waarde R120
□ **STORIEKLUB DVD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x storie-DVD per maand** – waarde R120

NB: Indien jy graag spesifieke CDs of DVDs wil ontvang, noem hulle titels hier. Ander stuur ons vir jou ons eie seleksie uit ons katalogus. Produkte mag ongelukkig nie na ontvangs omgeruil word vir ander produkte nie. (Vir meer besonderhede oor ons produkte besoek www.AnnaEmm.co.za):

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor 'n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening Datum

stuur